







T: 044 691 2465
E: admin@ngmosselbaai.co.za
www.ngmosselbaai.co.za
Eredienste: 8h00, 10h00 & 18h00

# FAMILIENUUS SONDAG 9 Augustus 2026

| 08:00 & 10:00 | 18:00 |
|---|---|
| **Prediker:** Dean Bentley<br>**Skrif**: Romeine 10<br>**Tema:** Het jy al daaraan gedink? | **Geen Kategese byeenkomste of Kuierkerk (a.g.v. langnaweek)** |

Die Spesiale kollekte gaan vandag vir **Arbeidsbediening.** *Sedert die1880's bedien geestelike werkers en vrywilligers in plaaslike aksies die werkplek met die Evangelie van Jesus Christus. In samewerking met gemeentes ondersteun ons Woordbediening, pastorale sorg, maatskaplike hulpverlening en die verskaffing van toepaslike geestelike literatuur aan werkende Christene om geloofsgetrou te werk. Ons Arbeidsbediening-aksies bereik jaarliks meer as 400000 werkende mense.*

**PREDIKANTE:**

Henri Meyer
henri@ngmosselbaai.co.za
083 455 6940

Dean Bentley
dean@ngmosselbaai.co.za
084 782 4595

Almal word genooi vir koffie of tee na kerk buite die Gemeentehuis.

**NUWE LIDMATE**

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**

Meld asb aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

www.ngmosselbaai.co.za ngmosselbaai "Like" ons om lid te word en op hoogte te bly

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG** 10 Augustus | Publieke vakansiedag | Kerkkantoor gesluit |
| **DINSDAG** 11 Augustus | 09:00 Samaritaan kospakkiedag/kleingroep<br>10:00 Bybelstudie vir vroue | 11:00 Seewind<br>13:00 Bloedbank<br>18:00 Vrouegroep |
| **WOENSDAG** 12 Augustus | 11:00 Bybelstudie vir seniors | 17:00 Bybelstudie (Danabaai)<br>18:00 Jong volwassenes |
| **DONDERDAG** 13 Augustus | | 18:00 Mannegroep |
| **VRYDAG** 14 Augustus | 06:00 Wild@heart mannegroep | |

## PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudingsprobleme, huweliksprobleme, geloofsprobleme, werkskrisisse, rousmart, ens. Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

## GEBEDSBROKKIES

Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.
Johannes 3:16

Geseënd is hulle wat kan gee sonder om te onthou en kan ontvang sonder om te vergeet.
ELIZABETH BIBESCO

## GEBEDSWAG UITNODIGING

Om deel te word van die gemeente se **Gebedswag Whatsapp-groep** stuur asb u naam en selfoonnommer vir Alta van Zyl, (083 257-3884).

## BAIE WELKOM NUWE LIDMATE

Die volgende lidmate se Bewys van Lidmaatskap is na ons oorgeplaas:

- Johannes Van der Linde en Maria Johanna Hechter (nou Van der Linde), vanaf NG Hartbeespoort
- Nadia Van der Linde, vanaf NG Hartbeespoort; en
- Gerhard Van der Linde, vanaf NG Hartbeespoort.

## OPDATERING VAN LIDMAATREGISTER

Skakel gerus met die Kerkkantoor indien u Bewys van lidmaatskap (attestate) nog nie oorgeplaas is vanaf u vorige gemeente of indien u van adres verander (verhuis) of 'n nuwe kontaknommer / e-posadres het.

## KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

## GEBEDSGELEENTHEID 19 AUG: 18:00

Op Woensdag 19 Augustus om 18:00 in die kerk bid ons saam vir die advertensie wat uitgaan vir die Here se roepstem vir n nuwe leraar. Ons gebed is dat ons Vader die regte persoon sal roep.

## VROUE NAWEEK: 21-23 AUGUSTUS FAIRY KNOWE HOTEL, WILDERNIS

Kom beleef in 'n geestelike naweek waar tyd gemaak gaan word vir God in jou lewe, met goeie lofprysing en aanbidding. Die naweek is bedoel om jou te help om geestelik verryk te word. Kostes beloop R1850 per persoon wat verblyf en alle etes insluit. Bespreek en betaal by die kerkkantoor.

## SEEWIND

Die Seewindbediening benodig toiletware vir hul voorradekas waaruit die haweloses, soos nodig, gehelp kan word. Skenkings van toiletware soos bv. seep, waslappies, tandeborsels, tandepasta, mans- en vroue-aanroldeodorant, haarsjampoe, sanitêre produkte of 'n finansiele bydrae vir aankope kan by die kerkkantoor afgegee word.

## POTJIEKOSDAG

Ons jaarlikse Potjiekosdag vind plaas op Sondag 13 September na afloop van die tweede diens.

Kom gee asb jou naam op by die Kerkkantoor, indien jy bereid is om 'n pot te maak, genoeg om met 10 mense te deel.

## HAVEN AJV

Belangstellendes word genooi na die Algemene Jaarvergadering van die Haven te Matfieldstraat 3 op 3 September om 14:00.

Bevestig asseblief jou bywoning by Celesta van der Merwe per epos celesta@haven.org.za of 072 759 3903 voor 21 Augustus 2026.

## KWARTAAL GEBEURE / HOOGTEPUNTE

- 15 Augustus – Koos van der Merwe in die Klipkerk, aangebied deur Dameskring, toegang R150, bespreek by kerkkantoor;
- 16 Augustus – Nagmaal;
- 19 Augustus – Gebedsgeleentheid;
- 21-23 Augustus – Vrouenaweek;
- 3 September - Amandelboord (85+) Tee;
- 5 September – Kruisvroue Damesoggend
- 13 September – Potjiekosdag;
- 15 September – Ringsitting;
- 19 September – Hope Gala in Klipkerk
- 16-18 September – Opskoppertoer;
- 20-23 September - Week van gebed;
- 26 Sept-2 Oktober – Uitreik na Carnarvon.

## KRUISVROUE: DAMESOGGEND - 5 SEPT

'n Kuier saam met **Lindie Strydom**, waar ons saam groei, saam glo en saam blom.

Elke seisoen van die lewe bring sy eie uitdagings, vreugdes en nuwe begin.

Kom beleef 'n oggend van inspirasie, bemoediging en kosbare samesyn terwyl ons saam ontdek hoe God getrou met ons stap – in elke seisoen. Soos die lente nuwe lewe bring, mag hierdie oggend jou hart vul met hoop, nuwe moed en verwagting vir dit wat voorlê.

Tyd: 08:00 Stalletjies en Koffie
09:30 Program begin
(Ligte verversings word bedien).

Kaartjies is by die kerkkantoor beskikbaar @ R230pp.

Ons sien daarna uit om hierdie besondere oggend met jou te deel!

## REÜNIE DEUR FRANK OPPERMAN

NG Groot-Brakrivier bied op Saterdag 22 Augustus om 19:00 by hul kerkgebou Frank Opperman se vertoning, Reünie aan.

Kaartjies kos vanaf R200 en is beskikbaar by hul kerkkantoor of by Spar De Dekke kiosk of by Computicket.

Navrae Johan Smit 084 500 4296

## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise, **Susan Pieters**, hospitaal; **Hauphtfleisch Joubert**, herstel na beroerte (Maureen 072 323 8683); **June le Roux** (Derek 083 701 1404); **Henk Keuris**, longkanker (Christa 083 408 9336); **Corlene Lombard**, nekoperasie (082 459 2328); **Jan Steyn**, (Lynette 083 627 1294); **Frans Conradie**; **Leon Coetzee**, longkanker (082 578 1222); **Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

*Laat weet asb 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.*

## VERSOEK VAN GEBEDSBEDIENING

Ons rig graag 'n versoek vir meer aktiewe gebed in ons gemeente. Ons vra lidmate wat kan meedoen in gebed. Ons kyk o.a. na die drieling patroon waar 3 persone saam bid een of meermaal per week. Enige ander voorstelle is welkom.
Ons hoor graag van julle.

## GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom. Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate. Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

## WESKAAP SINODE KOMMUNIKASIE

Lees 'n aanlyn weergawe van **Kerkbode** by: https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/

Die **Vrydagnuus** is die amptelike nuusbrief van die NG Kerk Wes-Kaapland. Om in te teken om die nuusbrief per epos te ontvang gaan na https://kaapkerk.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

**Vir sendingbydraes:**
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Snap here to pay
SnapScan

## BEDIENINGS

**VOORSITTER:** Cobus Coetzee, 082 453 3305
**ROEPING:** Ben Joubert 082 921 0348
**AKSIE SAMARITAAN:** Johan Meyer, 082 772 5490
**DIAKONIE:** Koos Crause, 083 229 1178
**EIENDOMME:** Willem Knoetze, 082 408 6769
**EREDIENS:** Dennis Engelbrecht, 083 251 5998
**FINANSIES:** Chrisjan van der Merwe 082 570 0065
**FAMILIE:** Jacques le Clus, 073 172 8424
**GETUIENIS:** Herman van Huyssteen, 083 393 3760
**OMGEE:** We-Nita Joubert, 082 414 5608
- Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
- Eenique: Ananda Wessels, 083 480 9653
- Deernis: Krista de Bruyn, 083 692 0843
- Kruisvroue: Orna Snyman, 083 279 1660

**SENIORS:** Jan de Witt 082 695 3672
- 85+: Lizelle Vorster, 083 268 4291
- Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672

**GEBED:** Alta van Zyl, 083 257 3884
**DVK:** Kobus Weideman 082 807 5154
**NUWE LIDMATE:** Frank Tomas, 083 388 3657
**GASVRYHEID:** Petro Proudfoot, 082 775 3473
**KOMMUNIKASIE:** Dean Bentley
**BASAAR:** Louwrens de Wet, 083 308 4463

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00 . Gesluit vandag weens vakansiedag.*

**Admin. Beampte (Skriba):**
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za

**Finansiële Beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za

**Koster:**
Johann Rossouw: 076 582 0619

**Musiekleier:**
Franco Engelbrecht: 079 926 1818

**Pastorale Terapeute:**
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127